IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I2.3 Vol 174 p 8925-8980

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-02-12

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 174

(Bladsye 8 925 - 8 980)

HOF HERVAT OP 12 FEBRUARIE 1978.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, die resolusies wat aanvaar is op die vergadering van 9 Oktober 1983 was u ten gunste van al daardie resolusies? -- Ja, ek het hulle aanvaar.

Ek wil u net verwys na die resolusies, dit is BEWYSSTUK AN11. Ek sal net die inleidende paragraaf daar lees. "We, the residents of the Vaal Complex resolve on this day, 9 October 1983 that the Sebokeng Roman Catholic Church Zone 12 to form a civic association whose function will be to strive for the welfare and betterment of our living conditions through civil political means." Wat was u gedagte daardie dag, hoe sou die nuwe organisasie wat gestig is help vir die "welfare and betterment of our living conditions"? Wat het u verstaan, wat sou die organisasie doen? -- Wat ek in gedagte gehad het was dat daar gesprekke uitgevoer sal word met die persoon in die bestuur van die lokasies, naamlik die raadslede of die raad self van die Stadsraad, dat dit met hulle bespreek sal moet word om hierdie te kan regkry.

Is dit op die vergadering bespreek?

HOF : Net 'n oomblik, laat ek net duidelikheid kry. Wanneer u praat van die raad self, bedoel dit die Stadsraad of bedoel dit die Administrasieraad? Ons moet net onderskei? -- Beide. Ek praat van die Stadsraad sowel as die Administrasieraad.

MNR. HANEKOM : Is dit inderdaad op die vergadering bespreek? -- Ja, dit was in die vergadering bespreek.

Wat is bespreek daaroor? -- Wat daar bespreek was in die vergadering was die inhoud van die paragraaf wat u nou net gelees het dat dit met die raad bespreek sal moet word

om/...

om reggestel te word.

HOF : Mnr. Die Tolk, ons gaan hier ŉ probleem kry. Die getuie gebruik die Engelse terme en dan is daar ŉ onderskeid tussen "council" en "board" en u gebruik die Afrikaanse terme "raad" en dan is daar nie ŉ onderskeid tussen "Stadsraad" en "Administrasieraad" nie. U moet ôf die Engelse terme gebruik ôf vir ons sê "Stadsraad" of "Administrasieraad".

TOLK : Soos dit die Hof behaag.

HOF : Kan ons dan net die antwoord kry?

TOLK : Die getuie het dan in hierdie geval melding gemaak van die Stadsraad sowel as die Administrasieraad, dit wil sê hy maak melding van die Town Council en die Administration Board.

MNR. HANEKOM : Is dit bespreek hoe die twee rade genader sal word? Wat vir hulle gesê sal word? -- Wat daar besluit was deur ons wat die mense gekies het, is dat indien daar enigiets is wat bespreek moet word, hetsy met die Admininstrasieraad of die Stadsraad sal ons die persone stuur wat ons daar gekies het om dit te gaan uitvoer met hulle.

Daar was ŉ resolusie so in die middel van die bladsy "to condemn the community councils as puppet bodies and boycott the Black local authorities elections since we believe that nothing would be achieved by voting". Het u dit? -- Ja, ek het dit. Ek sien wat die inhoud daarvan is.

Wat is daaromtrent bespreek? -- Wat daar bespreek was omtrent die Black local authorities was dat die vorige Town Council het mense die indruk laat kry dat hulle niks kan uitvoer of help waar daar probleme is nie.

Wat is bespreek omtrent die resolusie "to condemn the community councils as puppet bodies"? -- Wat daar

bespreek/...

bespreek was was dat daar eintlik - dit is nie duidelik vir ons of vir die mense daar of hulle nou eintlik in beheer is van die lokasies al dan nie.

Maar u het reeds op daardie stadium besluit dat die Community Councils is net "puppet bodies", hulle is eintlik nikswerd nie. Is dit reg? -- Nie op daardie dag nie. Dit is wat die meerderheid van die mense gesê het en beskou het. Dit is nie eintlik op hierdie dag besluit nie.

Is dit op ŉ ander dag besluit? -- Wat ek daarby bedoel is dat dit was nie vir die eerste keer daar gemeld nie, maar dit was alreeds ŉ ding wat onder die mense bekend was dat dit die geval is.

Hoe rym dit dat die mense en u self die Community Councils as "puppet bodies" beskou wat nie veel werd is nie en ook ŉ resolusie aanvaar om met hulle te gaan gesels? -- Dit is hoe ek dit verstaan het. Ek het verstaan dat dit so is, maar die Administration Board is ook betrokke daar in hierdie geselskap wat uitgevoer word.

Maar die vraag was hoe sou u onderhandel met die Stadsraad? -- Ons die inwoners sou dit in die hande van die persone wat gekies was gelaat het om te sien hoe hulle dit sal regkry.

En dan is daar bo gesê dat die organisasie sou werk "through civil political means". -- Daarby verstaan ek dat hulle met mekaar gesprekke sal moet uitvoer oor hoe die organisasie te werk sal gaan.

HOF : Wie met wie? -- Wat ek daarby bedoel is dat die gemeenskap wat die mense gekies het, indien hulle enigiets gehad het om oor te dra, sou hulle aan die gekose mense oorgedra het sodat hulle dan ook gesprekke moet gaan uitvoer met die nodige liggaam. Hulle sal nie geweld gebruik of mag

gebruik/...

gebruik nie. Hulle sal net ŉ gewone gesprek met hulle gaan uitvoer.

MNR. HANEKOM :

Was u bewus daarvan of die Vaal Civic Association op enige stadium tot en met u arrestasie wel gesprekke gaan uitvoer het met die Stadsraad? -- Ja, so vaag het ek gehoor dat daar ŉ gesprek uitgevoer was, maar wanneer dit was, waaroor dit gegaan het, weet ek nie.

Van wie het u dit gehoor? Van iemand in die VCA? -- Nee, die persoon van wie ek dit verneem het was nie ŉ lid van die VCA nie.

Wie was dit? -- Dit is ŉ persoon wat woonagtig is te Zone 13. Sy naam is Joseph.

Daar was ŉ resolusie "To condemn and reject the Koornhof bills and the president's council constitutional proposals". -- Ja, ek sien dit.

Het u op daardie stadium geweet waaroor die "Koornhof bills" en die "president's council's constitutional proposals" gehandel het? -- Ek het nie ŉ idee gehad nie, want dit is dinge wat ek net in die koerante gelees het.

HOF : So, u het nie geweet waaroor u gestem het nie? Dit is natuurlik ŉ kenmerk van die demokrasie? -- By hierdie vergadering van die 9de het elke persoon iets gehad wat die persoon voorgestel het wat dan bespreek was of dit so aanvaar kan word om in die resolusies betrek te word al dan nie. Met dié het ek ook van my eie op hierdie dokument wat ek self voorgestel het.

So, u het belang gestel in dié wat u self voorgestel het en vir die ander het u maar net ja gestem? -- Nee, wat gebeur het, is vir die ander resolusies het die ander mense ja gesê wat dit voorgestel het.

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Beteken dit dat u het by sekere resolusies buite stemming gebly? -- Ja, op die resolusies wat ek nie verstaan het nie, het ek nie deelgeneem nie.

Was hierdie resolusie wat handel oor die Koornhof wetsontwerpe en die presidentsraad se grondwetlike voorstelle nie spesifiek op die vergadering bespreek deur van die mens of deur die mense wat dit voorgestel het nie? -- Dit was verduidelik gewees.

Het u dit nie verstaan nie, die verduidelikings? -- Ja, eintlik kon ek nie hierdie verduidelikings van hulle ten volle verstaan wat hulle eintlik verduidelik het nie.

Sal u die resolusies deurgaan van bo af en vir die Hof sê vir watter u gestem het? As daar is wat u self voorgestel het, sal u dit ook vir die Hof noem? -- Die heel eerste resolusie het ek voor gestem. Dit is die een wat lees "Demand decent housing and security for all."

HOF : Ja, gaan maar die lysie af. -- Die tweede een, dit wil sê die een na die een wat ek nou net genoem het.

MNR. HANEKOM : Het u daarvoor gestem of hom voorgestel? -- Nee, ek het net daarvoor gestem. Die vierde een van bo af.

HOF : Die derde een is "Condemn the government's attempts." Ons moet nie net die getikte deel lees nie, maar dit wat geskryf is daarby. Watter een is nou die vierde een? -- Die handgeskrewe een het ek gehoor dat hulle daarvan praat, maar ek het nie daarvoor gestem nie. Ek het gestem vir die een net na daardie een wat met hierdie woord begin "Demand, that we must nog be charged for the maintenance of the houses."

Ja? -- Die een na daardie een het ek voor gestem.

MNR. HANEKOM : Die een oor die paaie? -- Ja. Eintlik

het/...

het ek daardie een self voorgestel.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Dit is nog steeds die paaie wat u voorgestel het? -- Ja. Die volgende een wat handgeskrewe is "Demand special van concessions for our pensioners and widows."

MNR. HANEKOM : Het u daarvoor gestem of hom voorgestel? -- Ek het daarvoor gestem.

HOF : Gaan maar voort. As u by een kom wat u voorgestel het dan sê u dit net vir ons daarby. Ek het vir hierdie een ook gestem "Demand unhindered access into community facilities like hall, schools and demand that they be at our disposal." Die een na daardie een.

MNR. HANEKOM : "Demand adequate schools and call on our teachers"? -- Ja. Ek het daarvoor gestem. "Demand adequate recreational facilities." Dit is wat ek voor gestem het. Die een na daardie een.

HOF : Dit is die "condemn"? -- ja.

MNR. HANEKOM : Die een wat handel oor die "free hold rights in Evaton"? -- Ja, dit is die een. Die een "Condemn and reject homeland system in particular the Ciskei government."

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Dié wat u oorslaan, het u nie daarvoor gestem nie? -- Ja, dit is so. "Elect an interim committee . Affiliate through the association to the United Democratic Front."

HOF : Het u daarvoor gestem? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Dit is almal. Wat het u verstaan onder die eerste resulosie, die "security" dele, "Demand security for all"? Wat het u daaronder verstaan? -- Op daardie een het ek verstaan dat as ŉ persoon ŉ huis bewoon, dat die huis nie sommer so gesluit word dat die persoon dit wil sê

uitgesit word nie. Byvoorbeeld as jou huurgelde miskien agterstallig is dat die "council" mense met jou moet kom praat. Hulle moenie die huis sluit nie.

Hoe hou die eise wat gestel is "demand decent housing, demand proper roads, demand recreational facilities" verband met die eis vir laer huur? Hoe kon al die goed gedoen word as die huur verlaag moes word? -- Maar daardie een lees mos soos volg "Demand low rentals which we can afford." Dit beteken dit moet huurgelde wees wat ons sal kan betaal. Die verband wat daar tussen daardie eise is en hierdie huurgelde wat laag gehou moet word is dat hulle met ons daaroor kom praat het, oor eise sodat ons ooreen kon kom oor sekere dinge wat dit gaan kos om dit te gaan uitwerk. Of ons in staat gaan wees om te betaal en indien wel, hoeveel sal ons in staat kan wees om te betaal om hierdie projekte van ons eise te kan aanpak.

Met ander woorde, dit sou beter wees as die resolusies gelees "Demand low rentals that we can afford" en dan ook "We demand housing that we can afford and roads that we can afford"? -- Ja, dit is so.

Het u na die stigting van VCA gehoor of hierdie eise oorgedra is deur die eise aan die Gemeenskapsraad of die Administrasieraad? -- Nee, ek het nie gehoor nie.

Het u enige navrae gedoen by Gebied 3 se verteenwoordiger daaroor? -- Nee, nie na dit nie, want ek het nie eers geweet wie my areaverteenwoordiger was nie.

U het nie baie omgegee of die mandaat wat die mense daar gegee het vir die VCA uitgevoer word of nie? -- Nee, nie dit nie, maar ek het aanvaar dat na die mense presies gekry wat dit is wat ons wil hê as 'n gemeenskap, sal hulle dan toesien

dat/...

dat dit reggestel word. En verder verwag dat indien hulle enige probleme ondervind om dit reg te kry, sal hulle terugkeer na ons toe, dit wil sê die gemeenskap.

Vir die volgende jaar van Oktober 1983 tot Augustus 1984 het die VCA ooit teruggekeer na u toe of die mense toe en verslag gedoen? -- Hulle het vergaderings gehad. Ek was nie in staat om die vergaderings by te woon nie.

Nie een van die vergaderings nie? -- Geeneen.

Toe u in Augustus 1984 met Esau Raditsela gaan praat het oor die hoë huurgeld, het u vir hom gevra wat die VCA uitgerig het in die ondertussen? -- Ek het hom net gevra oor die huurgelde wat verhoog moet word met ingang van 1 September 1984. Dit is waaroor ek met hom gepraat het.

U het tog ook op 9 Oktober 'n mandaat gegee vir die VCA. Het u hom nie daaroor uitgevra nie? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

Waarom nie? -- Die rede hoekom ek hom nie gevra het nie, was omdat my aandag meer gevestig was op die huurgeld wat aan die begin van Septembermaand verhoog word.

Ek verstaan u getuienis dat u op 9 Oktober een van die mense was wat spesifiek vir VCA opdrag gegee het om met die Stadsraad of die Administrasieraad te gaan onderhandel om te sien dat die huur nie verhoog word nie? -- Ja, dit is korrek so.

Wat is die rede dat u dit nie met Esau opgeneem het nie of met Lord McCamel wat u goed geken het? -- Nee, op die stadium was ek net bekommerd oor hierdie verhoging van die huurgelde wat in werking gestel gaan word vanaf 1 September.

Sal u saamstem as die VCA sy mandaat wat hy op 9 Oktober van die mense gekry het uitgevoer het en met die

Gemeenskapsraad/...

Gemeenskapsraad gaan probeer onderhandel het, sou wat op 3 September gebeur het waarskynlik nooit gebeur het nie? -- Herhaal daardie een?

Sal u saamstem dat as die VCA die mandaat wat hy op 9 Oktober 1983 van die mense gekry het om met die Gemeenskapsraad of met die Administrasieraad te gaan onderhandel oor die huur en die ander griewe, uitgevoer het, sou die gebeure van 3 September waarskynlik nooit plaasgevind het nie.

MR BIZOS : Is the witness then asked to express an opinion on cause and effects some ten months after the events on the hypothesis that something may have happened? If the people that went there were shot at, it might have happened instead of September, in February. It must surely - I do not know what My Learned Friend is - I understand that it is an argument that is thrown in the air and he is at liberty to argue it, but how can the witness help him in regard to that?

HOF : Wat se nut het sy antwoord vir my?

MNR. HANEKOM : Al wat ek wil probeer aantoon is dat die VCA waarvan die beskuldigde ook op die bestuur was inderdaad niks gedoen het om op vreedsame manier te probeer onderhandel oor hulle griewe nie.

HOF : Die beskuldigde sê hy het gehoor van iemand wat nie met die VCA betrokke is nie dat daar wel iets plaasgevind het en verder sê hy was hy glad nie by nie. U moet dit vra aan iemand wat wel op die bestuur aktief was.

MNR. HANEKOM : Net laastens oor hierdie vergadering van 9 Oktober, sal u saamstem dat u geheue nie baie goed is oor wat al die sprekers daardie dag gesê het nie? -- Ja, ek stem saam, want dit is lank gelede wat dit plaasgevind het.

Dit/...

Dit wil sê die vergadering is lankal verby.

Dan wil ek net aan u stel dat u antwoord op die vraag van mnr. Bizos waarna ons reeds verwys het in volume 169 op bladsy 8 733, toe u gevra is of enige van die drie sprekers in hulle toesprake ŉ taal gebruik het wat geweld gesuggereer het, daarop het u gesê "No, not at all." -- Ja, dit is reg. Dit was ŉ antwoord op die persone wat ek gehoor het in hulle toesprake daar dat daar geeneen van hulle dit gesuggereer het nie.

U antwoord moes eintlik wees "In die bietjie wat ek gehoor het, het ek dit nie gehoor nie." Is dit reg? -- Nee. Die antwoord is, op dit wat ek nog kan onthou in daardie gesprekke, het geeneen van hulle dit gesuggereer nie.

Ons kom by die eerste huisvergadering by beskuldigde nr. 10 se huis op 14 Augustus 1984. Was u alleen na daardie vergadering toe? -- Ja, ek was alleen.

Was enige van die beskuldigdes op daardie vergadering? -- Mnr. Vilakazi, die eienaar van die woning, beskuldigde nr. 10 was teenwoordig.

Van die ander mense het u nie een geken nie. Is dit reg? -- Ja, dit is.

Wat is bespreek op daardie eerste vergadering? -- Ons het die huurgelde wat op 1 September verhoog moes word, bespreek.

Het u bespreek wat om daaromtrent te doen? -- Ja, ons het besluit dat daar ŉ massavergadering geroep moet word waar al die mense teenwoordig gaan wees van Zone 3 om hulle gevoel daaroor te kan uitspreek.

Het beskuldigde nr. 10 enigiets gesê oor die stigting van ŉ komitee? -- Ja, dit is reg.

Het/...

Het hy gesê wat die doel van die komitee sou wees? -- As gevolg van die huurgelde se probleme, wat ons alreeds in hierdie vergadering bespreek het, het hy voorgestel dat dit nodig was dat daar 'n komitee gestig moet word.

HOF : Wat moet die komitee doen? Wat is die doel van die komitee? -- Die komitee se werk sou gewees het om in hierdie dinge te kyk waaroor die mense in hierdie woonbuurt nie tevrede is nie.

MNR. HANEKOM : Is daar iets bespreek oor die massavergadering wat gehou sou word? -- Ja, iets was gesê in voorbereiding op wat betrekking het op die voorbereiding vir die massavergadering.

Wat was dit? -- Ons het besluit dat ons 'n plek sal moet gaan soek waar die vergadering gehou sou word, dit wil sê die massavergadering bymekaar sou kom.

Is iemand spesifiek opgedra om dit te doen? -- Ek en 'n ander man Matsidiso het op ons eie ge"volunteer" dat ons dit sal doen. Bo en behalwe dit het ons almal ook in die vergadering besluit dat elkeen van ons wat in staat kan wees om so 'n plek te kan kry, kan die persoon dit doen.

Beskuldigde nr. 10 het getuig dat u en eerwaarde Mahlatsi het spesifieke opdrag gehad, julle was 'n spesifieke mandaat gegee om dit te doen? -- Wie? Ek en wie?

HOF : Reverend Mahlatsi? -- Dit kan so wees, want aan die einde het ek gesê dat ons die persone in die vergadering het besluit dat enigeen van ons teenwoordig daar kan na die plek gaan soek waar die vergadering gehou moet word.

MNR. HANEKOM : Die vraag is, het u en Reverend Mahlatsi spesifieke opdrag gekry om dit te doen? -- Op die volgende dag was ons gekies op die aksiekomitee. Dit was dus ons

plig/...

plig gewees dat dit deur ons gevind moet word.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Die volgende dag? Wat beodel u daarmee? Was dit die 15de? -- Verskoning. Daarby bedoel ek dat by die volgende vergadering na hierdie vergadering, dit wil sê op die 16de was daar weer 'n vergadering gewees. Dit is op hierdie vergadering waar ons gekies was as lede van 'n aksiekomitee.

HOF : Uit hoeveel het die aksiekomitee bestaan? -- Dit het uit vier persone bestaan.

Nou wat aan u gestel word is dat beskuldigde nr. 10 gesê het u en eerwaarde Mahlatsi het 'n spesiale opdrag gehad om 'n vergaderplek te soek en dit word verder aan u gesê dat u sê dat u en Matsidiso het aangebied om dit te doen. Die vraag is wie is reg? -- Ons is altwee reg in die sin dat by die eerste vergadering was ons nie heeltemal goed georganiseerd nie. Eers by die tweede vergadering was ons georganiseerd, waar die aksiekomitee gekies was en met dit het dit toe ons opdrag geword.

MNR. HANEKOM : En aan getuie Mahlatsi in volume 43 bladsy 2 038 is dit gestel dat dit beskuldigde nr. 10 was wat op daardie eerste vergadering opdrag gekry het om 'n vergaderplek te soek? -- Dit is korrek. Op 'n stadium het hy, Vilakazi, beskuldigde nr. 10, uitgegaan op soek na 'n vergaderplek.

HOF : Dit is nie die vraag nie. Die stelling is dat hy opdrag gekry het om dit te doen? -- Wat mnr. Vilakazi betref aangaande dit, ons het besluit dat hy die toesighouer sou wees van alles in die sin dat aangesien ons altyd by sy huis vergader het, diegene wat 'n vergaderplek gekry het of wat ook enige verslag het met betrekking tot dit, sal dit oordra aan mnr. Vilakazi. Dit is op daardie basis wat ek

hom/...

hom beskou as ŉ toesighouer in verband met die soek na ŉ vergaderplek.

Het u ŉ bewysplek vir die stelling wat u gemaak het dat daar gesê is deur beskuldigde nr. 10 dat beskuldigde nr. 8 en eerwaarde Mahlatsi spesiaal opdrag gekry het?

MNR. HANEKOM : Dit is volume 160 op bladsy 7 863. Toe daar sprake was van die komitee wat vir gebied 3 gekies moes word op daardie eerste vergadering, is daar besluit hoe die komitee die mense se griewe sou inwin? -- Ja.

Wat is daaroor gesê? -- Wat daar bespreek was, was die volgende dat met hierdie komitee van die wyk of die area waarin ons woon sal ons in staat wees om die griewe en die probleme te kan bespreek deur middel van gebruik van die komitee met die Stadsraad of die wykverteenwoordiger van die Stadsraad. Dit wil sê die raadslid.

HOF : So, was die gebiedskomitee, "area committee", dan bedoel as ŉ skakeling met die plaaslike raadslid en met die Stadsraad? -- Die besluit was soos volg, dat ons die area-komitee, sou in staat wees en het magte gehad om gesprekke uit te voer met die wyksverteenwoordiger van die Stadsraad, dit wil sê die raadslid en indien nodig sou ons verder gegaan het na die Stadsraad self om die besprekings met hulle daar te gaan uitvoer.

Het die komitee opdrag gehad of sou die komitee opdrag kry om dit te gaan doen of was dit maar net ŉ moontlikheid wat in die lug gelaat is? -- Ons besprekings daar - dit is hoe ons dit bespreek het. Dit was nie ŉ opdrag gewees nie, maar dit is hoe ons dit tussen ons bespreek het.

So, julle het bespreek ons sal ŉ gebiedskomitee stig wat met die raadslid gaan onderhandel? -- Ja, om te sien

op/...

op watter wyse kan ons ons probleem opgelos kry.

MNR. HANEKOM : Na dit bespreek is, is daar so ʼn besluit geneem? -- Terwyl ons gedagtes destyds met die besprekings gevestig was op die verhoogte huurgeld wat sou plaasvind met ingang 1 September.

Die vraag is nadat in die vergadering bespreek is dat die komitee sou praat met die raadslid, is daar so ʼn besluit geneem wat inderdaad gedoen sou word?

HOF : Of was julle almal eenstemmig daarvoor? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wie was op daardie stadium die raadslid vir Gebied 3? -- Daar was drie raadslede in Gebied 3.

Wie was hulle? -- My wyk was Edwin Mofokeng. Die ander wyke se raadslede was Piet Mokoena en Jan Mokoena.

Terwyl die vergadering aan die gang was, het daar besoekers aangekom? -- Ja, daar was besoekers gewees.

Wie was dit? -- Esau Raditsela, Sam Matlole. Dit is nou die eerste vergadering waarvan ons praat op die 14de.

HOF : U het nou twee persone genoem. Is dit al? -- Asook Edith Lethlake.

MNR. HANEKOM : Het enigeen van hulle drie deelgeneem aan julle besprekings? -- Geeneen van hulle het hoegenaamd iets te sê gehad op ons besprekings nie.

Wat was die doel van hulle besoek? -- Raditsela het kom sien of ek wel daar opgedaag het by hierdie adres, want hy het vir my die nommer gegee waarheen om te gaan.

Is dit al wat hy kom doen het? -- Ja, dit is al wat hy daar kom doen het.

HOF : Dit is ook al wat enigeen van die ander twee daar kom doen het? -- Ja, ek neem aan hulle het hom maar net vergesel.

MNR. HANEKOM : Het enigeen van hulle gesê dat die doel van

hulle/...

hulle besoek was daaroor dat julle in Gebied 3 nie ꞌn plek kon kry om in te vergader nie? -- Nee, nie op daardie dag nie.

As enigiemand anders wat op daardie eerste vergadering was so iets gesê het, dan praat hy leuens? -- Nee, dan vertel daardie persoon nie leuens nie, maar wat gebeur het is dat daardie persoon die datums van vergadering verwar het waar hierdie vergaderplek bespreek was en wanneer.

As daardie persoon nie die datums verwar nie, maar sê dit was by hierdie eerste huisvergadering van 14 Augustus 1984 wat dit gebeur het, dan is dit nie die waarheid nie? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

MR BIZOS : My Lord, if My Learned Friend takes us into his confidence that it is Mahlatsi who is supposed to have said so, I think we had this argument before when accused no. 10 gave evidence to the effect that the Reverend Mahlatsi had concertinaed the four meetings with the two.

COURT : Yes, well, no doubt he will reach the point where it becomes clear, Mr Bizos. Give him a little time.

MNR. HANEKOM : Ek vra u dan weer, as iemand vir die Hof sê dat dit op hierdie eerste vergadering is van 14 Augustus 1984 dat Esau, Edith en beskuldigde nr. 17 aangekom het en gesê het hulle kom omdat hulle besorg is - dat Esau gesê het hy kom omdat hy besorg is dat julle in Gebied 3 nie ꞌn plek kan kry om vergadering te hou nie, dan is dit nie die waarheid nie? -- Nee, dit is nie so nie.

Ek stel dan aan u, die oorkonde volume 43 op bladsy 2 038, waar dit aan getuie Mahlatsi gestel is. Mnr. Bizos het gekruisvra oor die eerste vergadering van 14 Augustus.

HOF : Mnr. Bizos se punt is dat die twee vergaderings ingerol is en dat u daarom nie die afleiding hiervan kan

maak/...

maak nie.

MNR. HANEKOM : Ek sal dan net eers een ander vraag vra ter opheldering. Het Esau Raditsela, Edith en beskuldigde nr. 17, die drie van hulle by enige van die drie huisvergaderings opgedaag?

MR BIZOS : My Learned Friend put 14 August to the witness. It is not correct. Page 2 038 has a reference to the first meeting and no date.

HOF : Laat ons nou net eers die antwoord op hierdie vraag kry. -- Hulle was by die vergadering gewees, dit wil sê die eerste vergadering. Hulle het nie saam met ons 'n vergadering daar gehou nie, maar hulle het daar opgedaag.

Die vraag is of hulle by enige ander huisvergadering aangekom het, die drie? -- Ja, dit was die vergadering van die 21ste.

Augustus? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Sê u dat die drie, Esau Raditsela, Edith Lethlake en beskuldigde nr. 17 by 21 Augustus 1984 se vergadering ook was? -- Op die 21ste het net Edith Lethlake en Esau Raditsela daar opgedaag.

Dan vra ek weer aan u, het die drie, Esau, Edith en beskuldigde nr. 17 op enige van die ander drie huisvergaderings aangekom behalwe hierdie eerste een van 14 Augustus? -- Die drie van hulle het saam aangekom by die eerste vergadering van die 14de. Op die 21ste het net Esau Raditsela en Edith Lethlake daar opgedaag.

HOF : So, die antwoord is nee? -- Ja, dit is nee. Geen ander vergadering het hulle saam met ons daar bygewoon behalwe die een van Maandag, die 14de.

MNR. HANEKOM : Dan stel ek nou aan jou volume 43 bladsy

2 038/...

2 038 waar mnr. Bizos dit aan die getuie Mahlatsi stel.

HOF : Voor u dit stel, laat ek net hoor watter gedeelte gaan u nou aan die getuie stel.

MNR. HANEKOM : Dit begin in reël 6. Mnr. Bizos vra "Do you recall whether ... "

HOF : Ja, u kan dit stel.

MNR. HANEKOM : "Do you recall whether Mr Esau Raditsela and Miss Edith Lethlake and Mr Matlole, accused no. 17, made a brief appearance at the first meeting?" Toe vra die Hof "Is that put?" en die antwoord is "It is put, yes." Toe stel mnr. Bizos dit verder aan die getuie "And their concern was that the Zone 7 people had difficulties in finding a venue for a meeting" en dan stel hy dit reg dat hy nie praat van Zone 7 maar van Zone 3. Met ander woorde "Their concern was that the Zone 3 people had difficulties in finding a venue for a meeting." Was dit ʼn verkeerde stelling? -- Ja, die manier waarop dit gestel was, wat my betref, sien ek dit as ʼn verkeerde stelling of ʼn fout.

Nadat die stelling aan die getuie gemaak is, het u u advokate se aandag daarop gevestig? -- Ja, ek het sy aandag daarop gevestig dat dit verkeerd was deur middel van ʼn skryf op ʼn papier wat ek oorhandig het aan hom. Nadat dit oorhandig was, het hy vir ʼn lang tyd gepraat. Dit wil sê hy was besig om te praat. Ek het toe nie daarna opgelet of hy dit gekorrigeer het volgens my verdere instruksies wat ek op die stukkie papier geskryf het, al dan nie.

Kan u onthou op watter stadium van die vergadering die drie daar opgedaag, Esau, Edith en beskuldigde nr. 17? -- Is dit by die eerste vergadering?

Ja, by die eerste vergadering? -- Ek kan nie presies

onthou/...

onthou wat aan die gang was by die vergadering nie, maar die vergadering was iewers in die middel, dit wil sê die vergadering het begin, maar voor die einde.

Beskuldigde nr. 10 het getuig dat dit teen die einde van die vergadering was. Wil u daarmee stry of nie? -- Ek kan nie daarmee stry nie, want na hulle opgedaag het, is hulle toe weg. Na hulle weg is, het ons nog vir ŉ rukkie vertoef by die vergadering. Dus kan ek nie sê dat dit nie korrek is nie.

Was Edith ook binne-in die vergadering, binne-in die huis waar julle vergader het? Het julle haar almal gesien? -- In die gesprek van Esau en beskuldigde nr. 10 het ek gehoor dat daar ŉ persoon is met die naam van Edith. Ek het nie die persoon self gesien nie.

HOF : Wag net ŉ bietjie. Het u gehoor dat Esau iets sê van Edith? -- Hy was saam met Esau binne-in die vergadering.

Wat het hy gesê van Edith? -- Ek het nie gehoor wat hy spesifiek van Edith gesê het nie. Al wat ek kon hoor was dat hulle saam gekom het daar.

Die drie? -- ja.

MNR. HANEKOM : Is daar ... (Mnr. Krügel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Het u haar geken op daardie stadium? -- Nee, ek het haar nie geken nie.

MNR. HANEKOM : Is daar op die eerste vergadering van 14 Augustus 1984 besluit oor ŉ voorsitter vir die massavergadering
K531 wat julle wou hou? -- Daar was so ŉ gesprek gewees.

Wat was die gesprek? -- Al sal ek dit nie spesifiek plaas by hierdie eerste vergadering nie, in daardie hele week het ons gepraat van ŉ persoon wat as ŉ voorsitter sal optree by hierdie vergadering.

HOF/...

HOF : Maar watter persoon? -- Mnr. Vilakazi, beskuldigde nr. 10 het ʼn voorstel gemaak van Reverend Lord McCamel.

Is dit op hierdie vergadering of op ʼn latere vergadering? -- Ek wil nie myself vaspen nie. Dit was in een van die vergaderings in daardie week. Dit is die week waar hierdie spesifieke vergadering ook gehou was.

MNR. HANEKOM : Het u self gepraat op daardie vergadering van 14 Augustus 1984, die eerste een? -- Ja, ek het gepraat.

Wat het u gesê? -- Ek het gepraat van die probleme wat sal ontstaan as gevolg van die verhoogde huurgelde. Ek het verder gesê die huurgeld word verhoog maar die dienste en die ontwikkeling word nie verbeter nie.

Is dit al? -- Ek het toe verder melding gemaak van my huis se dak, daar was ʼn sinkplaat wat nie in die regte posisie is nie en dit is nou nog nie herstel nie. Sedert my intrek in daardie huis praat ek daarvan. Ek het toe verder melding daarvan gemaak dat ek verskeie kere verslag gedoen het by die kantore oor hierdie toestand en dit is nou nog nie herstel nie.

HOF : Is u reg? Ek het die indruk gekry u het in 1978 ingetrek. Is dit nie so nie? -- Ja, dit is reg.

En ek het verder die indruk gekry dat u vir my gesê het die sink was ʼn jaar en ʼn half stukkend voor u hom self reggemaak het en ons is nou al in 1984? -- Ja.

Nou hoe klop dit? -- Daarby het ek bedoel dat vandat ek gerapporteer het aan die Administrasie of aan die owerhede was dit nie reggestel nie. Ek moes dit self reggemaak het. Hulle het nooit uitgekom om daardie sinkplaat reg te maak nie.

Maar u het nou net vir my gesê dat u by hierdie vergadering gesê het van 14 Augustus dit is nou nog nie reg nie?

Ek/...

-- Ek kan nog sê tot op hierdie huidige stadium wat ons hier staan het hulle nog nie daardie sinkplaat reggemaak nie. Ek sal u sê wat ek gedoen het, toe ek daarvan gepraat het dat ek dit self reggemaak het. Dit is net dat ek ŉ plan beraam het dat die huis se dak nie moet lek nie as gevolg van die toestand van daardie sinkplaat.

Ja, maar jy het R6,00 spandeer aan die ding? -- Ja, dit is reg.

Dit is tog seker heeltemal ŉ voldoende werk? -- Nee, dit is nie so nie.

MNR. HANEKOM : Was daar op die eerste huisvergadering, 14 Augustus 1984 in die vergadering sprake daarvan dat die Gebied 7 mense gevra sou word om hulle vergaderplek met julle te deel vir die massavergadering? -- Nee, dit was nie gesê nie.

Ek verwys u weer na volume 43 bladsy 2 039 reël 18. Mnr. Bizos is nog steeds met die getuie Mahlatsi besig oor die eerste vergadering waar Esau, Edith en beskuldigde nr. 17 aangekom het. Hy stel dit aan die getuie "Was the talk about 3 also wanting a mass meeting?" Dan is die volgende vraag "Yes, and that you would ask the zone 7 people to share the venue with you." Is dit ŉ foutiewe stelling aan die getuie?

MR BIZOS : Is it put that this was said at the meeting of the 14th?

COURT : At the first meeting, it seems to me, because the first meeting is dealt with on the previous page.

MR BIZOS : Is it the meeting of the 14th?

COURT : Well, it is the meeting at which Esau Raditsela, Miss Edith Lethlake and Mr Matlole, accused no. 17 were

present/...

Was daar enige voorstelle van enigiemand op die vergadering vir ȟ alternatiewe plan as julle nie ȟ gebou kon kry vir ȟ vergaderplek nie? -- Ja, iemand het so ȟ voorstel gemaak.

Wat was die voorstel? -- Die voorstel was dat hy miskien ȟ seil op sy perseel kan opslaan.

ȟ Tent? -- ȟ Tent, ja.

Wie het dit voorgestel? -- Khobe Chibase.

Was dit aanvaarbaar, die voorstel? -- Nee, dit was nie.

HOF : Sou dit te klein wees? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wat is nog bespreek op die vergadering? -- Ons het daar ȟ komitee verkies. Dit was in hierdie vergadering gewees.

Wat moes die komitee doen? -- Die komitee moes al die voorbereidings gedoen het en al die werk wat betrekking het in voorbereiding vir die massavergadering.

Wie is die komitee wat gekies is? -- Ek self, Reverend Mahlatsi, Bavumile Vilakazi beskuldigde nr. 10 en Ernest Oliphant.

Was dit net julle vier? -- Ja, net die vier van ons.

As iemand sê dat daar was ook mev. Oliphant en ene mnr. Marupedi gekies in die komitee, is dit ȟ leuen? -- Dit is die mense wat net daar gehelp het.

ASSESSOR (MNR. KRüGEL) : Was dit mnr. Marupedi of mnr. Marupeng? -- Maruping, M-a-r-u-p-i-n-g.

HOF : Ek moet net nou iets opper en dit is dat ek bang is dat ons ȟ ontsettende verwarring gaan kry omdat op die notule die name nie korrek gespek is nie. Die plig word op die advokate gelê wat daardie name gebruik wanneer dit vir die eerste keer op ȟ dag gebruik word om dit op ȟ

stuk/...

present. According to this witness it was the first meeting and on that basis it is put. So, the one is tied to the other in that way.

Het u enige kommentaar? -- Op dit sal ek sê mnr. Mahlatsi het die vergaderings verwar, want hy het gepraat van sy eerste vergadering as die 16de.

MNR. HANEKOM : Dit was nie die getuie Mahlatsi wat die stelling gemaak het nie. Die stelling is aan hom gemaak deur mnr. Bizos.

HOF : Ja, wel, nou argumenteer julle.

MNR. HANEKOM : Wanneer was die tweede huisvergadering? -- Op die 16de.

HOF : Van Augustus? -- Van Augustus.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Watter dag van die week was dit? -- As ek reg onthou was dit ŉ Donderdag gewees.

MNR. HANEKOM : Het u weer alleen na die vergadering toe gegaan? -- Ja, ek was alleen.

Was enige van die beskuldigdes, behalwe beskuldigde nr. 10 daar? -- Beskuldigde nr. 10 was teenwoordig en Reverend Mahlatsi was ook daar teenwoordig.

HOF : Maar hy is nie ŉ beskuldigde nie. -- Nee, dan was dit beskuldigde nr. 10 wat teenwoordig was.

MNR. HANEKOM : Wat was bespreek op hierdie vergadering? -- Wat daar bespreek was was dat die mense na verskillende plekke toe gegaan het op soek na ŉ vergaderplek. Hulle kon nie daarin slaag om een te kry nie en dus was dit ook daar bespreek gewees, die kwessie van die vergaderplek. Verder het ons daar gepraat oor waar mense nog verder kan gaan probeer. Ons het mekaar aangeraai om by sekere plekke aan te doen.

Was/...

stuk papier te skryf en dit aan die dame wat die masjien hanteer te oorhandig en dit in die rekord uit te laat spel as ons ŉ nuwe naam teëkom. Anders gaan ons hierdie probleem kry dat Marupedi op die rekord staan terwyl dit Maruping is. Dit sal ŉ ontsettende verwarring gee.

MNR. HANEKOM : Was mnr. Maruping en mev. Oliphant lede van die komitee? -- Nee.

HOF : En ek wil daar byvoeg die volgende. Dit is nie die plig van hierdie Hof om elke aand die korrektheid van hierdie notule te kontroleer nie en ek gaan dit ook nie doen nie. Maar dit is wel die plig van die regsverteenwoordigers om by die eerste geleentheid my te wys op ŉ fout sodat ons dit kan regstel. Ons kan nie wag tot die einde van die saak en dan by die betoog sê ja, maar dit is nie korrek nie en dit is nie korrek nie. Dit geld vir albei kante. Waar is daardie fout waarna u nou verwys het?

MNR. HANEKOM : Dit is volume 160 bladsy 7 866 reël 23.

HOF : In reël 23 op bladsy 7 866 word die woord "Maropedi" vervang met "Maruping".

MNR. HANEKOM : Was mnr. Maruping en mev. Oliphant lede van die komitee? -- Nee, nie sover as wat ek weet nie. Hulle was glad nie lede van die komitee nie.

Op hierdie plek in die rekord volume 160 bladsy 7 866 het beskuldigde nr. 10 getuig dat hulle wel lede van die komitee was? -- Hulle het ook ŉ hand bygesit op soek na die vergaderplek omdat hulle teenwoordig was by hierdie vergadering waar daar ŉ besluit geneem moet word dat dit gesoek moet word. Hulle hand bysit, as dit deur hom vertolk word dat hulle lede van hierdie komitee, sal ek dit nie betwis nie.

Met/...

Met ander woorde, u getuienis is nie heeltemal korrek nie. U het 'n fout gemaak in die hof? -- Die persone wat saam met my daar was, wat saam met my gewerk het in hierdie aksiekomitee is die persone wie se name ek hier genoem het.

HOF : Ja, maar hier is nou baie genoem. U het eers genoem vier en toe was daar nog twee name genoem. Is dit nou vier persone of is dit ses persone? -- Wat my betref, sover dit my kennis aangaan was daar net vier persone in hierdie aksiekomitee.

MNR. HANEKOM : Het u self gepraat op daardie vergadering? -- Nee, nie in hierdie vergadering nie. Ek het geen toespraak daar gelewer nie.

Ons kom by die derde vergadering. U Edele, ek weet nie of u eers die verdaging wil neem nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Net voordat ek na die derde huisvergadering toe gaan, wil ek net iets vra oor die tweede vergadering. Op die tweede huisvergadering waaroor ons gepraat het voor 13h00, die een van 16 Augustus 1984, was daar pamflette bespreek op die vergadering? -- Ja, ons het pamflette bespreek.

Wat het julle daaroor bespreek? -- Dat ons pamflette gaan skryf en iemand het sommer ingewillig, ge"volunteer" om dit vir ons te doen.

HOF : Wie was dit? -- Hy is aan my net bekend as Lukas.

MNR. HANEKOM : U moet net baie seker maak. Ons praat van die tweede vergadering van 16 Augustus 1984? -- Ja, ek verstaan, want kyk, hierdie pamflette het ons begin bespreek

by/...

by die eerste vergadering.

Wat is op hierdie tweede vergadering op 16 Augustus 1984 daaroor bespreek? -- Van die dinge wat ek kan onthou wat bespreek was aangaande hierdie pamflette is dat dit geskryf moet word dat daar 'n vergadering gehou sal word, maar die vergaderplek moet nie daarin gemeld word nie sowel as die tyd en die datum tot tyd en wyl ons seker is dat ons 'n vergaderplek gekry het.

Op daardie stadium, op 16 Augustus was daar al pamflette al beskikbaar vir die vergadering wat geadverteer moes word of nog nie? -- Aangesien hierdie dinge alreeds die Maandag bespreek was, as ek reg onthou, het Lukas alreeds so 'n bietjie van die pamflette gemaak. Laat ek dit so stel, aangesien daar besprekings was by die eerste vergadering.

Was pamflette beskikbaar by hierdie tweede huisvergadering? op 16 Augustus 1984? -- Nee, ek kan nie onthou of hy nou daar gepraat het terwyl hy die pamflette by hom gehad het al dan nie.

Is daar op die vergadering 16 Augustus 1984 bespreek oor die verspreiding van pamflette? -- Ons het daarvan gepraat dat ons sal moet wag tot tyd en wyl ons nou die vergaderplek gekry het en die datum. Eers daarna sal hierdie pamflette versprei word.

Is dit gereël waar u die pamflette in die hande sou kry? Hoe julle dit in die hande sou kry? -- Lukas, die persoon wat ge"volunteer" het om hierdie pamflette te voorsien het gesê hy sal dit voorsien. Eintlik het ons 'n hoop gehad op 19 Augustus vir die vergadering. As ons net 'n vergaderplek vir daardie datum kon gekry het.

Sou daar 'n vergadering wees voor 19 Augustus ... (Hof

kom/...

kom tussenbei)

HOF : Wat se vergadering? ŉ Huisvergadering want 19 Augustus is die massavergadering.

MNR. HANEKOM : Is daar bespreek dat daar weer ŉ huisvergadering sou wees voor 19 Augustus om finaliteit te kry oor die massavergadering van 19 Augustus en om sekerheid te kry oor die pamflette? -- Nee, dit was nie in hierdie vergadering van die 16de bespreek nie.

Hoe sou julle dan reël, hoe sou julle dan weet om aan te gaan met die massavergadering van 19 Augustus? -- Aangesien ons almal gesoek het na ŉ vergaderplek wat ons nie kon kry nie, het ons op die 16de besluit dat ons maar weer gaan vergader op die 21ste.

Met ander woorde het julle op die vergadering van 16 Augustus 1984 die moontlikheid van ŉ massavergadering op 19 Augustus laat vaar? -- Ons het so gereël dat as daar een is wat ŉ vergaderplek kan kry vir die vergadering voor hierdie datum, moet die persoon vir mnr. Vilakazi in kennis stel sodat die vergaderplek sowel as die datum dan op die pamflette aangebring kan word, aangesien die pamflette alreeds op daardie stadium beskikbaar was. Ons het toe verder gesê dat indien daar niemand is wat terugkom met ŉ vergaderplek wat ŉ mens kon gebruik het vir 19 September se vergadering nie, sal ons weer moet vergader op die 21ste.

Het julle toe vergader op 21 Augustus 1984? -- Ja, ons het.

Wat het by die vergadering gebeur? -- By hierdie vergadering het ons weer verslag kom doen of ons nou die vergaderplek gekry het, al dan nie.

Het daar enige mense aangekom by die vergadering? --

Ja/...

Ja, Esau Raditsela en Edith Lethlake het daar aangekom.

Was dit op ћ stadium voordat julle verslag gedoen het oor ћ vergaderplek vir die massavergadering of daarna? -- Dit is na die verslag alreeds gedoen was in die vergadering dat daar geen plek gevind word vir die vergadering nie en na ons dit alreeds bespreek het dat daar eintlik geen vergaderplek beskikbaar was nie. Ons het mekaar weer aangemoedig om verder voort te gaan op soek na die vergaderplek vir die volgende week.

Was daar besluit op ћ datum vir ћ massavergadering? -- Ja, in die sin dat ons het besluit, aangesien ons nou nie die 19de die vergadering kon hou nie, het ons die naweek van die 26ste in gedagte gehad dat ons die vergadering op daardie datum moet hou, dit wil sê voor die eerste dag. Die eerste dag is 1 September die dag waarop hierdie huurgelde eers betaal sal moet word.

Het Esau en Edith alleen by die vergadering aangekom of was daar nog mense by hulle? -- Net die twee van hulle het die vergadering.

Weet u of daar ander persone saam met hulle gekom het wat nie in die vergadering was nie? -- Dorcas Raditsela.

Waar was sy? -- Ek neem aan sy het in die voertuig agtergebly.

Hoe weet u sy was daar? -- Ek het dit gehoor van Edith se gesprek dat sy daar was saam met Dorcas.

Wat was die gesprek? Wat het Edith gesê van haar? -- Die gesprek waarna ek verwys is ћ gesprek tussen Edith en beskuldigde nr. 10 waarin Edith vir beskuldigde nr. 10 gesê het dat Dorcas ook teenwoordig was.

Het Edith julle vergadering toegespreek? -- Nee, sy

het nie die vergadering toegespreek nie.

Het Esau die vergadering toegespreek? -- Hoegenaamd nie.

Wat het dan daar gebeur? -- Soos ek alreeds gesê het dat Edith met beskuldigde nr. 10 'n gesprek uitgevoer het. Ek het aanvaar na aanleiding van dit waaroor hulle nou gepraat het dat sy suggereer dat daar 'n bewering is of voorstelle is dat ons 'n vergadering moes gaan hou het by die Roomse Kerk Small Farms. Die rede hoekom ek so sê, na die gesprek tussen die twee van hulle, dit is Edith en beskuldigde nr. 10 het hulle die vergadering verlaat. Onmiddellik na hulle weg is het beskuldigde nr. 10 dit aan ons genoem.

Het u nie gehoor wat Edith vir beskuldigde nr. 10 sê terwyl sy met beskuldigde nr. 10 gepraat het nie? -- Nee, nie oor hierdie vergaderplek van die Roomse Kerk nie.

Was julle vergadering - julle vergadering was aan die gang toe sy daar kom? -- Ja, ons was besig met die vergadering met haar aankoms daar.

Het sy vir beskuldigde nr. 10 buiten toe geroep? -- Nee, hulle het net 'n bietjie geskuif na die gang toe. Hulle het daar gaan staan. Dit wil sê as ek reg onthou.

Wat sê u nou? Kan u nie onthou nie? -- Hulle het ons verlaat, dit wil sê in die vertrek waar die vergadering gehou was. Hulle is in 'n gang in, dit wil sê uit sig uit. Ek weet nou nie of hulle in die gang bly staan het en of hulle iewers heen toe was nie.

Kon u enigiets hoor wat Edith vir beskuldigde nr. 10 sê? -- Nie aangaande die vergaderplek nie.

Enigiets anders? -- Ek het gehoor toe sy gesê het dat hulle daar aangekom het in die geselskap van Dorcas.

Daarna/...

Daarna het hulle geskuiwe vanwaar hulle was.

Wat het Esau gedoen toe hulle wegskuif? -- Hy het net daar in die huis bly staan en gegroet natuurlik.

Daar waar julle besig was om vergadering te hou in dieselfde vertrek of op 'n ander plek? -- In dieselfde vertrek.

Het hy enigiets vir julle gesê? -- Nee.

Wat het beskuldigde nr. 10 aan die vergadering gerapporteer na die twee weg is? -- Wat hy aan ons gerapporteer het was dat Edith met die komitee van haar area gepraat het, dit wil sê Gebied 7 se komitee en hulle het daar gesuggereer dat ons maar die vergadering saam moet gaan hou by dieselfde vergaderplek. Dit het beteken dat hulle vir ons jammer gekry het dat ons nie 'n vergaderplek in Gebied 3 gehad het nie. Met die gevolg sou ons mense van Gebied 3 alleen 'n vergadering van ons daar gehou het op die vergaderplek van hulle.

Wat was die reëling oor die tyd? Wanneer sou julle vergader? -- Die reëling oor die tyd was soos volg. Ons vergadering sou om 14h00 gewees het en hulle vergadering sou 09h00 gewees het.

Beskuldigde nr. 10 het getuig dat dit net die teenoorgestelde was, dat julle Gebied 3 in die oggend sou vergader en Gebied 7 in die middag? Ek verwys na volume 160 op bladsy 7 875. -- Dit is wat ek onthou. As beskuldigde nr. 10 sê dit is net omgekeerd, is dit wat ek gesê het, dit wat ek onthou. Die feit bly staan dat hulle alleen 'n vergadering van hulle area sou gehou het en ons sou ons eie vergadering ook gehou het.

Wie maak nou 'n fout? U of beskuldigde nr. 10? -- Ek weet regtig nie wie maak 'n fout nie.

Is/...

Is u seker van u getuienis of het u twyfel oor wat die reëling was? -- Ek onthou.

In u hoofgetuienis, dit is volume 170 op bladsy 8 749 het u nie getuig dat Edith en beskuldigde nr. 10 eenkant alleen gaan praat het en dat beskuldigde nr. 10 teruggekom het en aan die vergadering gerapporteer het.

HOF : Is dit ꞌn vraag of ꞌn stelling?

MNR. HANEKOM : Dit is ꞌn stelling.

HOF : O, dit het geklink soos ꞌn vraag.

MNR. HANEKOM : Stem u daarmee saam? -- Ja, ek stem saam.

Waarom het u dit nie getuig nie? -- Dit is omdat ek gevoel het wat belangrik is vir my daar om te noem was hoekom Edith daar was.

Ek stel dit ook aan u dat u in u hoofgetuienis die indruk wek dat Edith wat sy kom oordra het aan die hele vergadering kom oordra het? -- Sy het met beskuldigde nr. 10 daar gepraat.

Ek wil net in billikheid teenoor u die deel lees waarna ek verwys op bladsy 8 749. "Do you know why Esau came there or any of the other people? - Yes, I do know the reason why. The reason for their coming there was because of her failure to find a venue for our mass meeting to be held. Their reason then there was that Edith came there to suggest to us that we hold a meeting together with the people from Zone 7, which means holding the same meeting at the same venue." Dan is die vraag "Did they say where that meeting was to be? - What she said was they had acquired a venue at the Roman Catholic Church Small Farms. The meetings were going to be held at different times, that means we were going to share the venue." Dan is daar ꞌn stukkie oor die tye

van die vergadering en dan "Did Esau Raditsela and Edith Lethlake remain at the meeting of the 21st?" Die antwoord is "They did not. All they did was to inform us about their suggestion and then they left us alone." Dan onderaan die laaste reël op die bladsy "Did Esau Raditsela address the meeting as such on any issue other than the finding of the venue?" En die antwoord "No, Raditsela did not say anything at all. The only person who had something to say was Edith." Stem u saam dat dit die indruk oordra dat Edith die vergadering toegespreek het en nie Esau nie? -- Ek stem nie saam met die stelling nie dat Edith ŉ toespraak gemaak het aan die vergadering nie. Wat ek daarby bedoel, in my getuienis-in-hoof sê ek dat hulle is die persone wat met daardie suggestie daar gekom het wat oorgedra was. Hulle het met die suggestie gekom maar dit is deur Edith oorgedra aan beskuldigde nr. 10.

HOF : Mnr. die Tolk, sou ŉ beter woord nie wees "voorstel" in plaas van "suggestie" nie?

TOLK : Soos dit die Hof behaag. Dit is ŉ voorstel.

MNR. HANEKOM : Toe u ŉ verklaring gemaak het aan u regsverteenwoordigers oor hierdie aspek, het u in u verklaring dit gemeld dat Edith eenkant met beskuldigde nr. 10 gepraat het en beskuldigde nr. 10 aan die vergadering kom rapporteer het wat sy gesê het? -- Nee, ek het net gesê Edith het ŉ gesprek uitgevoer met beskuldigde nr. 10.

Kan u dan ŉ verklaring gee vir die vraag van u regsverteenwoordiger "Did Esau address the meeting as such on any issue other than the finding of the venue?"

HOF : Dit is ŉ bietjie moeilik om vir die getuie te vra om te verklaar waarom ŉ regsverteenwoordiger ŉ sekere

vraag/...

vraag vra. Hy kan vyf vrae 'n ander ding in gedagte hê. Partykeer het hulle niks in gedagte nie.

MR BIZOS : In self defence the top of the next page makes it quite clear as to why I asked it because it is specifically alleged in the indictment and I quoted the words of the indictment which puts the speech in the mouth of Mr Raditsela.

MNR. HANEKOM : Ek trek die vraag terug. Was enige van die beskuldigdes, behalwe beskuldigde nr. 10 op hierdie derde huisvergadering van 21 Augustus 1984? -- Mnr. Jacob Hlanyane, beskuldigde nr. 15 en die gewese beskuldigde nr. 13, Simon Vilakazi.

Het u op die vergadering op 21 Augustus 1984 besluit om 'n verdere vergadering te hou? -- Ja, dat ons weer moet vergader op 21 Augustus.

Voordat ons by dié vergadering kom. Is daar nog iets anders bespreek op hierdie derde vergadering, 21 Augustus behalwe die vergaderplek? -- Ja, oor die petisie.

Wie het 'n petisie geopper? -- Mr Jacob Silibalo het dit geopper van 'n petisie.

Wat het hy gesê van 'n petisie? -- Hy het gesê hy was by die vergadering van die Stadsraad waar hulle onder mekaar gepraat het oor die verhoging van die huurgelde en een van die raadslede, mnr. Matjila, het aan hom Silibalo voorgestel dat as daar sekere mense is wat nie tevrede is oor die verhoging van huurgelde nie, kan hulle 'n petisie opstel en dit stuur na die Stadsraad toe, wat dan later sal sien wat hulle daaromtrent kan doen.

Is daar 'n bespreking gevoer daaroor? -- Hy het toe 'n papier, 'n blaai daar te voorskyn gebring en gesê ons moet

daarop/...

daarop teken.

HOF : ŉ Blanko vel of ŉ ingevulde vel? -- ŉ Blanko vel.

MNR. HANEKOM : Wat het die ander mense in die vergadering gesê? -- Die eerste persoon wat ŉ opmerking daar gemaak het was myself, waarop ek gesê het dit sal ons nie help om ŉ stukkie papier te teken waarop niks geskryf staan nie. Ek het toe voorgestel dat ons liewers ŉ regte petisie moet "draft".

Was daar steun vir u voorstel? -- Ja, daar was.

Was daar mense ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Algemeen? -- Ja, algemeen.

MNR. HANEKOM : Wat is toe gedoen daaromtrent? -- ŉ Komitee is uitgewys deur ons wat dan die voorbereiding vir die petisie sal moet doen.

HOF : Om dit op te stel? -- Ja, om dit op te stel.

MNR. HANEKOM : Waarom het die vergadering dan nie daar en dan ŉ petisie opgestel nie. -- Dit is omdat ons wou gehad het dat die persone, die komitee wat ons uitgewys het, moet genoeg tyd hê om op hulle gemak hierdie petisie op te stel.

Is daar vir hulle ŉ datum gegee waarop dit moes klaar wees? -- Ons het ooreengekom dat hulle dit op die 24ste moet kry.

Die volgende dag? -- Ja, dit is so.

Wat sou dan daarvan word? -- Wat ons in gedagte gehad het met dit was die volgende. Na dit volledig opgestel was, sal dit saamgeneem word na die massavergadering toe waar die gemeenskap dit dan ook sal moet teken indien hulle dit so aanvaar.

Wie was aangewys om aan die petisie te werk, om dit op te stel? -- Mnr. Jacob Silibalo, mnr. Jacob Hlanyane

beskuldigde/...

beskuldigde nr. 15 en die gewese beskuldigde nr. 18, Simon Vilakazi en mev. Oliphant.

Is dit op die vergadering bespreek wat die strekking van die petisie moes wees? -- Ja, dit het gegaan oor die griewe wat ons gehad het. Dit is wat bespreek was in hierdie met betrekking tot hierdie petisie.

HOF : Aan wie moes dit gerig word? -- Toe ons dit gedoen het, hierdie petisie, het ons in gedagte gehad dat dit na die Stadsraad gestuur sal word.

MNR. HANEKOM : Julle het toe weer ŉ huisvergadering op 23 Augustus 1984. Is dit reg? -- Ja.

Wat is daar bespreek? -- Daar het ons persone uitgewys wie die sprekers gaan wees by die massavergadering.

Wie sou dit wees? -- Beskuldigde nr. 10 mnr. Vilakazi. As Reverend Lord McCamel beskikbaar was as ŉ voorsitter vir hierdie massavergadering sou beskuldigde nr. 10, mnr. Vilakazi dan as spreker opgetree het. Dit is hoe hy daar gekies was as ŉ spreker. Ek self, Reverend Jacob Mahlatsi, mnr. Silibalo en mev. Oliphant. Dit is al mense wat daar sou opgetree het as sprekers.

Is u seker dat mnr. Silibalo ŉ spreker sou wees? Is u baie seker daarvan? -- Ja, ek is seker.

Was mnr. Silibalo teenwoordig op die vergadering van 23 Augustus 1984? -- Ja, hy was.

Was hy later inderdaad ŉ spreker op die massavergadering, mnr. Silibalo? -- Nee, hy was nie.

Waarom nie? -- Weens die feit dat ons nou een vergadering gehou het, dit wil sê die vergadering van Zone 3 en Zone 7 in een gehou het, was daar toe sprekers gewees wat ingevoeg was van Gebied 7. So, die sprekers het dus verminder.

Ek/...

Ek wil net aan u stel dat beskuldigde nr. 10 getuig het dat die sprekers was die persone wat u noem behalwe mnr. Silibalo. Hy het mnr. Silibalo nie genoem as 'n spreker wat bestem was om te praat op die massavergadering nie. Dit is volume 160 op bladsy 7 875. Wil u kommentaar lewer daarop? -- Ja, my kommentaar daar sal wees dat ek vertel my verhaal soos ek dit onthou.

Wie van u of beskuldigde nr. 10 se getuienis is die korrekte? -- Ek weet regtig nie.

Wat is nog bespreek behalwe die kwessie van sprekers? -- Dit was die kwessie van die pamflette.

Wat is daaroor bespreek? -- Dat die pamflette die datum sal moet kry van die 26ste asook die plek van vergadering sal ook daarop ingevoeg moet word.

Wie sou dit doen? Wie sou verantwoordelik wees vir die pamflette? -- Die persoon wat die pamflette gemaak het sou verantwoordelik gewees het vir dit ook.

HOF : Dit is nou Lukas? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Wie moes die vergaderplek en die datum en die tyd invul? -- Dit kan ek nie meer so goed onthou nie, maar ek neem aan beskuldigde nr. 10 en nog andere wat lede was van die komitee, dit wil sê die aksiekomitee, sou dit gedoen het.

U self was op die aksiekomitee? -- Ja, dit is so.

Het u van die pamflette gekry om reg te maak? -- Nee, ek geen ontvang wat ek moes reggemaak het nie.

Was die pamflette beskikbaar op die vergadering? -- Ja, hulle was.

Hoekom het u nie van die pamflette geneem nie? -- Dit is nie hoe dit gereël was nie.

Hoe/...

Hoe is dit dan gereël? -- Die reëling was dat die pamflette versprei sal word, maar daar was nie gereël wie die persone is wat dit sal doen nie.

Wat het u gedink, hoe sal dit versprei word as dit nie gereël word nie? -- Wat ek van weet is dit dat daar ŉ aksiekomitee was en dit is die plig van die aksiekomitee om toe te sien dat dit versprei word. Wat ek sê is, ons het nie aan sekere persone van die aksiekomitee uitgewys en gesê "Jy, dit sal jou plig om toe te sien dat die pamflette versprei word" nie.

Wat is nog bespreek behalwe die pamflette? -- Die petisie wat ons versoek het moet voorberei word en opgestel word, was nie opgestel nie, want die persoon wat uitgewys was om dit te doen, het dit nie gedoen nie. Dit was net ŉ verslag gewees daaromtrent dat dit nie gedoen was nie.

Wie het daaroor verslag gedoen? -- Silibalo het dit gedoen.

Wat was sy verslag? -- Silibalo se verslag was dat hulle nie daarin geslaag het om die petisie te skryf nie, want een van hulle komitee wat dit moes gedoen het, was nie in staat om by te wees nie. Dit is naamlik die gewese beskuldigde nr. 18 in hierdie saak.

Was dit die enigste rede wat aangevoer is? -- Ja, dit was die enigste rede wat hy gegee het.

HOF : Was dit vir u aanvaarbaar? -- Ons het dit aanvaar alhoewel ons nie tevrede daarmee was nie, want dit is ŉ komitee wat ŉ opdrag gehad het om ŉ sekere plig uit te voer wat nie uitgevoer was nie. Tweedens, mnr. Silibalo was eintlik die leier van hierdie komitee.

MNR. HANEKOM : Wat is toe verder bespreek? Wat sou word

van/...

van die petisie? -- Ons het dit nie verder gevoer nie, omdat ons besef het dat daar nie meer tyd was nie, dit is nou laat.

HOF : Wat bedoel u? Bedoel u dit is te na aan die massavergadering of bedoel u die aand is om? -- Die tyd was te kort gewees voor die dag van die massavergadering om nog verdere voorbereidings te doen vir die massavergadering. Dit is die laat waarvan ek praat.

Dit gaan nie oor die verdere voorbereidings nie. Dit gaan oor die petisie. Kon julle vanaf 23 Augustus tot 26 Augustus nie 'n petisie opstel nie? -- Dit is nie wat ek met laat bedoel nie. Wat ek bedoel is, ons het nou niemand gehad om weer uit te wys om aandag daaraan te gee nie, want hierdie persone wat ons uitgewys het, het ons teleur gestel en dit nie uitgevoer nie. Nie in die sin dat dit eintlik laat was omdat daar nie ander tyd was of genoegsame tyd was nie.

MNR. HANEKOM : Waarom kon die oorblywende mense wat saam met mnr. Silibalo aangestel was dit nie doen nie? Waarom moes die vorige beskuldigde nr. 18 noodwendig by wees? --

K532 Bedoel u die mense wat saam met Silibalo was in die afwesigheid van die gewese beskuldigde nr. 18?

Dit is reg. -- Ek weet regtig nie, want daardie petisie moes in Engels geskryf gewees het. Ek wil glo die rede hoekom dit nie gedoen was nie, was omdat beskuldigde nr. 18, die gewese beskuldigde nr. 18, het matriek geslaag en die ander mense se probleem was die taalgebruik waarin die petisie geskryf moes wees.

HOF : Wat van beskuldigde nr. 10? Sy taal is goed? -- Ja, maar beskuldigde nr. 10 het nie deel gevorm van daardie komitee nie.

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Waarom het die aksiekomitee waarvan u lid was dan nie toe maar die taak van die petisie oorgeneem en een opgestel nie? -- Nee, maar dit is omdat, kyk, hierdie komitee is ook uitgewys daar om hierdie taak te verrig.

Ek stel dit aan u dat die petisie nie opgestel is nie omdat u nie ŉ petisie wou voorlê nie? -- Ek stem nie saam met die stelling nie.

Ek stel dit ook aan u dat daar nooit ŉ komitee aangewys was om so ŉ petisie op te trek nie, dat die idee van ŉ petisie doodgeloop het toe dit die eerste keer geopper was? -- Ek stem nie saam met die stelling nie. Die komitee het bestaan.

MR BIZOS : If my memory serves me correct that was the evidence of the State witness as well.

COURT : The evidence of the State witness, if I remember correctly, is that they were suspicious of Silibalo, that he was an informer that the idea was dropped.

MR BIZOS : I do recall that which was challenged in cross-examination at the time, but if my memory serves me correctly Mahlatsi said that the committee was formed, but the record will speak for itself.

MNR. HANEKOM : Ek stel aan u dat al wat gebeur het is dat toe die petisie die eerste keer genoem is, is ŉ blanko papier geteken deur die aanwesige mense wat aan Silibalo gegee is? -- Ek stem nie daarmee saam nie, want ons het geweier om op ŉ blanko stuk papier te teken sonder dat daar enigiets daarop geskryf was.

En ek stel dit ook aan u as u of van die ander mense op die vergadering ernstig was met die idee van ŉ petisie dan sou julle ŉ petisie opgestel het? -- Dit was ons

bedoeling/...

bedoeling gewees om 'n petisie op te stel, maar ons sou nie alleen daarop besluit het nie. Al was die petisie opgestel moes dit nog te voorskyn gebring word by die massavergadering. Dit was nie ons eie petisie gewees nie. Die massavergadering moes ook goedkeuring gegee het vir hierdie petisie.

En stem u saam dat daar was geen rede waarom die petisie nie opgestel kon word tussen 23 Augustus tot die massavergadering gehou was op 26 Augustus nie? -- Daarop sal ek sê ons het nie genoegsame tyd gehad om nog verdere voorbereidings te maak vir hierdie petisie nie. Die rede daarvoor was omdat ons die tyd nodig gehad het vir die voorbereiding van die massavergadering wat op die 26ste gehou moes word.

Wat het die voorbereiding alles behels? -- Ons het gepraat van die pamflette, dat die pamflette versprei moet word.

Nog iets anders? -- Selfs die sprekers wat by hierdie massavergadering sou opgetree het, was daar bespreek.

Nog iets anders? -- Dit is al. Ek het alreeds melding gemaak van die res.

Dit wat u nou genoem het die pamflette wat bespreek was, was klaar afgehandel op die vergadering van die 23ste. Stem u saam? -- Ja, ons praat mos van die vergadering van die 23ste op die oomblik, nie waar nie?

Nou stel ek dit weer aan u of ek vra weer vir u, was daar enige rede wat julle belet het om die petisie op te stel tussen die 23ste en die 26ste Augustus 1984? -- Ons het 'n tekort gehad van persone wat daardie persone kon opgestel het en tweedens, die tyd was ook kort gewees.

Wat bedoel u met 'n tekort aan mense? Wat se tekort het u ondervind? -- Beskuldigde nr. 10 werk laat. Partykeer

gaan/...

gaan hy uit. Selfs ek, gedurende die week het baie werk gehad waarmee ek besig was. Verder, die ander persone saam met wie ons daarin betrokke was, was nie soos ons geleerd nie. Dus het ons nie geweet wie anders ons kan uitwys vir daardie werk nie, omrede beskuldigde of die gewese beskuldigde nr. 18 nooit weer teruggekeer het nie.

Was dit nooit geopper dat die voorsitter van die VCA Lord McCamel genader kon word vir so ŉ taak nie? -- Nee, op daardie huidige stadium was dit net ŉ gesprek gewees tussen ons mense van Gebied 3. Selfs mense van Gebied 3 wat daar deelgeneem het, was ŉ klein hoeveelheid mense in vergelyking met die inwoners van die gebied.

Is daar besluit om ŉ volgende vergadering te hou? -- Nee, daar is nie.

Is daar nie ooreengekom vir ŉ gesamentlike vergadering van gebiede 3 en 7 op 24 Augustus 1984 nie? -- Nie in hierdie vergadering van die 23ste nie. Glad nie.

Het u geweet daar sou ŉ vergadering wees op 24 Augustus 1984? -- Nee, ek het dit nie geweet nie.

Is u nie in kennis gestel van so ŉ vergadering nie? -- Nooit.

Het u na die tyd gehoor dat daar wel ŉ vergadering was op 24 Augustus 1984? -- Ja, dit het ek gehoor.

Wanneer het dit tot u kennis gekom? -- Op die 26ste het ek dit gehoor.

Wanneer op die 26ste? -- Die oggend van die 26ste terwyl ons besig was om die pamflette te versprei in die geselskap van beskuldigde nr. 10 in die aksiekomitee.

Het enige van die persone vir u ingelig wat gebeur het op die vergadering van 24 Augustus 1984? -- Wat hulle aan

my/...

my oorgedra het, was dat die vergadering van ons wat ons apart sou gehou het die dag, sal nou saam met die mense van gebied 7 terselfdertyd in een vergadering gehou word.

Het hulle vir u gesê wie voorsitter sou wees op die gesamentlike vergadering van 26 Augustus? -- Ja, hulle het gesê mnr. Mokoena, beskuldigde nr. 6, sou die voorsitter gewees het.

Wie het dit vir u gesê? -- Beskuldigde nr. 10.

Het hy gesê dit was reeds besluit dat beskuldigde nr. 6 die voorsitter sou wees? -- Wat hy aan my gesê het was Lord McCamel is die persoon wat veronderstel is om ŉ voorsitter te wees van die vergadering, maar hy, wat beskuldigde nr. 10 is, het al probeer om met Lord McCamel in verbinding te tree en het nie daarin geslaag nie. Met die gevolg, in die afwesigheid van Lord McCamel sal beskuldigde nr. 6 as ŉ voorsitter optree by hierdie vergadering.

Was dit die besluit van die vergadering? Het hy vir u gesê dit is die besluit van die gesamentlike vergadering op 24 Augustus? -- Wat hy aan my oorgedra het was dat hulle vergader het en ek het toe aanvaar dat dit besluit was in hierdie vergadering dat daar so opgetree gaan word.

Het hy nie vir u gesê dat u self ook oorweeg is by die vergadering as ŉ alternatief as beskuldigde nr. 6 nie beskikbaar was nie? -- Nee, dit het hy nie vir my gesê nie.

U sê die oggend van 26 Augustus was u besig met pamflette. Is dit reg? -- Die oggend van die 26ste het ons die gemeenskap ingelig of in kennis gestel van ons vergadering.

<u>HOF</u> : Bedoel u met pamflette of op ŉ ander wyse? -- Met ŉ luidspreker.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Ek wil net een iets vir u nog vra oor

beskuldigde ...

beskuldigde nr. 6. Het u geweet dat hy voorsitter van ERPA was op daardie stadium?

MR BIZOS : It is put as a fact that he was the chairman. That is not correct. He was the secretary.

COURT : We have a different version. Some people have called him the chairman and some have called him the secretary. So, I think counsel is entitled to put either the one or the other.

MR BIZOS : I do not know that it makes any difference, but just for the sake of the record. He was the secretary.

MNR. HANEKOM : Het u geweet wat beskuldigde nr. 6 se hoedanigheid in ERPA was op daardie stadium? -- Ek het nie my feite so goed gehad nie, maar ek het hom beskou as ꞌn voorsitter van ERPA. Ek weet nie of hy miskien die sekreratis as nie, maar wat my betref het ek hom beskou as die voorsitter.

Het u op die oggend van die 26ste geweet dat ERPA daardie oggend ꞌn vergadering sou hou in dieselfde gebou waar julle die middag sou vergader? -- Ja, ek het daardie inligting gehad.

Het u geweet dat beskuldigde nr. 6 voorsitter sou wees by daardie vergadering die oggend? -- Ja, ek het geweet.

Hoe het dit gekom dat u die oggend van 26 Augustus 1984 die mense met ꞌn luidspreker ingelig het? Wie het vir u gevra om dit te doen? -- Dit was ꞌn besluit wat geneem was in ꞌn vergadering dat sodra ons ꞌn vergaderplek gekry het waar die vergadering van ons gehou gaan word,,sal ons die gemeenskap in kennis moet stel van die vergadering sowel as die vergaderplek deur middel van die mense in te lig deur die verspreiding van pamflette. Wat gebeur het, is die volgende. Die vorige dag, dit wil sê die Saterdag, soos ek alreeds vroeër in

my/...

my getuienis gesê het, het beskuldigde nr. 10 die pamflette versprei om die gemeenskap in te lig van die vergadering wat gehou sou word en die oggend van die 26ste het hulle my genader dat ek by moet wees tydens die inligging van die gemeenskap met betrekking tot hierdie vergadering deur gebruik te maak van ȟ luidspreker.

Wie het u genader? -- Die volgende persone: Beskuldigde nr. 10, Reverend Mahlatsi en mnr. Oliphant.

Wat het julle aangekondig oor die luidspreker? -- Ons het die volgende aangekondig oor die luidspreker. Eerstens daat daar ȟ vergadering gehou sal word en die gemeenskap van Gebied 3 word versoek om die vergadering by te woon waar die probleme en griewe met betrekking tot die huurgelde bespreek sal word. Ons het verder die mense versoek dat hulle in groot getalle moet kom. Die rede daarvoor was omdat dit ons wens was dat daar ȟ komitee vir Gebied 3 daardie dag uitgewys moet word en gestig word. Ons het ook pamflette versprei waarvan die oorsprong die Rate Payers Association was. Dit was in net twee strate versprei te Evaton.

Is dit terwyl u met die luidspreker rondry, het u ook pamflette versprei? -- Ons in Gebied 3 het nie op die 26ste pamflette versprei nie. Dit was alreeds gedoen die vorige dag, dit wil sê die 25ste deur beskuldigde nr. 10. Op die 26ste het ons net ȟ aankondiging met ȟ luidspreker gemaak in ons wyk, naamlik Gebied 3.

Ek verstaan nie. Wat bedoel u met pamflette wat vir die Rate Payers versprei was in twee strate? Was dit op dieselfde geleentheid? -- Wat ek daarin sê is dat op versoek van die Rate Payers het ons hulle pamflette versprei wat die aankondiging vir hulle vergadering wat ook die betrokke

dag/...

dag gehou gaan word. Dit is die pamflette waarna ek verwys wat versprei was te Evaton in twee strate.

Het dit gebeur op die oggend van 26 Augustus toe julle met die luidspreker rondgery het?

HOF : Dit is wat die getuie gesê het, ja. Hulle het twee vlieë met een klap geslaan in die besondere twee strate.

MNR. HANEKOM : Het julle dan in Gebied 3 aankondigings gemaak oor die vergadering en ook in Evaton? -- In Evaton waar ons die pamflette versprei het met ons aankoms daar.

HOF : *Wat het julle daar gepraat? Van julle vergadering* of van die Rate Payers se vergadering? -- Ons het kortliks melding gemaak van die Rate Payers se vergadering.

En van julle eie? -- Nee, nie te Evaton nie. Ons vergadering het net betrekking gehad ten opsigte van Gebied 3.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 14h00. HOF HERVAT OM 14h00.

K533 NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Mnr. Nkopane, wanneer het u by die vergadering van 26 Augustus 1984 by die Rooms Katolieke Kerk aangekom? -- Om 13h30.

Was u alleen? -- Nee, met een van my bure daar.

Wie is hy? -- April Duba.

Wat tref u by die kerk aan toe u daar aankom? -- Met my aankoms daar was daar mense gewees wat daar rondgestaan het. Esau Raditsela was ook alreeds daar asook beskuldigde nr. 17.

Was die kerkgebou toe of oop? Kon die mense ingaan of nie? -- Nee, die kerk was nie toe gewees.

Waarom het die mense nie ingegaan nie? -- Dit is voor die vergadering begin het.

Was die vergadering wat die oggend gehou was nog aan

die/...

die gang of was dit klaar? -- Die vergadering was al uit gewees.

Het u vir beskuldigde nr. 6 daar gesien? -- Ek het hom nie gesien nie.

Het u enige van die ander beskuldigdes daar gesien behalwe beskuldigde nr. 17? -- Nee, nie op daardie stadium nie.

Het Esau met u gepraat? -- Ja, hy het.

Waar was dit? Waar het die gesprek plaasgevind? -- Net daar buite die saal.

Was die buurman nog by jou gewees? -- Nee, hy was nie by nie.

Wat het Esau gesê? -- Hy het vir my gevra om die vergadering daar te hou. Hy is nog haastig, hy gaan iewers heen, hy sal terugkom.

Het jy vir hom gevra hoekom jy self die voorsitter moet wees? -- Omdat hy gesê het hy sal terugkom het ek hom toe nie gevra nie.

U het op daardie stadium geweet dat die besluit was dat beskuldigde nr. 6 die voorsitter sou wees. Is dit reg? -- Ja, ek het dit geweet.

Het u nie vir Esau gevra wat die rede was dat beskuldigde nr. 6 nie meer kon voorsit nie? -- Hy het daarvan melding gemaak dat beskuldigde nr. 6 nou nie meer die vergadering kan hou nie, maar ek het hom toe nie gevra om watter rede hy nie meer die vergadering kan hou nie.

Was dit nie vir u snaaks dat Esau sommer die besluit wat geneem was oor die voorsitter net so kon verander nie?

HOF : Snaaks of eienaardig?

MNR. HANEKOM : Eienaardig? -- Nee, dit was nie, want ek

het/...

het vroeër gehoor dat Lord McCamel die persoon was wat hierdie vergadering sou gehou het en ek het verneem dat daar 'n bietjie probleme was oor hom. Dus was dit nie vir my eienaardig gewees toe Esau hierdie verandering vir my van gesê het nie. Byvoorbeeld, soos verduidelik deur beskuldigde nr. 10 dat hy gaan soek het na die persoon en hy kon hom nie kry nie.

Het u op daardie stadium gedink dat Esau self moontlik voorsitter sou wees? -- Ja, ek het.

Wat het die indruk by u geskep? -- Omdat ek geweet het dat hy die vise-voorsitter is van Reverend Lord McCamel.

HOF : Het u wat gedink? -- Dat dit moontlik hy kan wees wat die vergadering daar kan hou.

MNR. HANEKOM : Het u hom daarna uitgevra, hoekom hy nie self die voorsitter is nie? -- Toe hy daar gepraat het was hy haastig gewees en hy het vir my gesê hy gaan binnekort terug wees.

Het u hom gevra hoe lank hy sal neem om terug te kom, hoe lank u moet instaan as voorsitter? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

Het u vir hom gevra waarheen hy so haastig op pad was? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

Wat het u gedink gaan hy doen? -- Ek het gedink daar was miskien iets waarmee hy besig was wat hy nog nie voltooi het nie. Dit is voor hy na hierdie vergadering toe gekom het. Dit is hoekom hy haastig was om iewers heen te gaan. Dit het nou met hom persoonlik te doen.

Was Esau alleen toe hy met u gepraat het? -- Ja, ek en hy het daar met mekaar gepraat. Net die twee van ons alleen.

Het u vir Edith gesien? -- Nee, ek het haar nie gesien nie. Ek het nie vir Edith gesien nie.

Het/...

Het u en Esau mekaar net toevallig daar raakgeloop of het u die indruk gekry hy soek na u èn hy was bly om u te kry? -- Ek het aanvaar dat ons mekaar net daar raakgeloop het, want die man was ook haastig gewees.

Het Esau u enigiets gegee? -- Ja.

Wat was dit? -- 'n Papier met name op.

Wat het hy daarvan gesê?-- Hy het gesê dit is die lys van die sprekers op hierdie vergadering.

Het u die lysie deurgegaan? -- Ja, ek het.

Het u al die sprekers wat op die lys was geken of geweet van hulle? -- Ek het nie almal van hulle geken nie.

Wie het u nie geken nie? -- Mev. Rina Mokoena was nie aan my bekend nie. Gcina Malindi was ook nie aan my bekend nie.

HOF : Is dit beskuldigde nr. 5? -- Ja. Die res wie se name daar verskyn het, was aan my bekend.

MNR. HANEKOM : Het daar enigiets anders op die lys gestaan miskien net 'n aanduiding van watter onderwerp hulle sou behandel in die toespraak of niks? -- Nee, daar was niks nie, behalwe die name. Dit is al wat daar was.

Was daar nie 'n aantekening dat beskuldigde nr. 17 op die vergadering sou praat van die VCA nie? -- Dit was nie so aangeteken nie.

Of dat beskuldigde nr. 5 sou praat namens die jeug nie? -- Nee, dit was nie so aangeteken nie.

Was daar 'n aanduiding dat enige van die vrouens wat as sprekers sou optree namens VOW sou praat? -- Nie op daardie lys nie. Niemand was daar beskryf as 'n spreker ten opsigte van enige ander organisasie nie.

U sê op daardie stadium was beskuldigde nr. 17 daar.

Het/...

Het u op enige ander stadium gedurende die vergadering enige van die ander beskuldigdes daar gesien? -- Met my inkom in hierdie saal in die geselskap van beskuldigde nr. 17 het ek tot by die tafel gestap waar ek in die rigting van die gehoor gekyk het. Tussen die gehoor het ek beskuldigde nr. 13 opgemerk wat daar gesit het. Toe ek net by die tafel kom het Reverend Jacob Mahlatsi ook daar opgedaag. Dit is toe ons vir mekaar daar die eerste keer daardie dag gesien het. Nie vir die dag nie, maar wat ek bedoel is, dit is toe ons mekaar vir die eerste keer in die vergadering gesien het.

Hoe laat was dit?

HOF : Die vraag was het hy enige beskuldigdes gesien. Is dit nou al beskuldigdes wat hy gesien het?

MNR. HANEKOM : Is dit die enigste beskuldigdes wat u gesien het? -- Ja, op daardie stadium.

Hoe laat was dit, daardie stadium waarvan u praat? -- Dit was minute voor 14h00.

Kan u 'n nader aanduiding gee? Was dit 13h45 of kan u sê tussen 13h45 en 14h00 of net 13h55? -- 13h56 of 13h57.

Op daardie stadium was daar nog sitplek in die saal? -- Daar het al mense gesit op die verhoog asook daar in die gehoor. Die plek was al vol gewees.

HOF : U bedoel mense wat nie sprekers was nie, het al op die verhoog gesit? -- Ja, mense wat eintlik by die gehoor behoort het, het op die verhoog kom sit.

MNR. HANEKOM : Wat het u daar gedoen vandat u by die kerk aangekom het en met Esau gepraat het totdat u by die saal in is? Wat het u buite gedoen? -- Ek het net daar buite gestaan, ander mense gegroet en so 'n bietjie met hulle aan die gesels geraak.

Het/...

Het Esau vir u enigiets gesê oor enige van die sprekers spesifiek oor die lysie van name wat hy aan u oorhandig het? -- Al wat hy gesê het aan my toe hy die lys oorhandig het van die sprekers was die volgende dat ek en Matlole mekaar sal help. Matlole is beskuldigde nr. 17. Dit is nou oor hierdie vergadering se voortsetting, want dit is nou die twee gebiede se vergadering wat bymekaar sit.

Toe u in die saal in is, waar was beskuldigde nr. 17? -- Hy het my gevolg want ek en hy het gelyktydig by die tafel gekom. Beide van ons het by die tafel gaan sit.

Was daar nog oop sitplekke op die verhoog? -- Daar was nie oop sitplekke op die verhoog nie, behalwe in die onmiddellike nabyheid van ons by die tafel alhoewel daar nie stoele was nie.

Bedoel u dat toe u en beskuldigde nr. 17 ingekom het was daar vir julle twee stoele en toe julle dié plekke ingeneem het, was daar nie meer oop stoele nie? -- Dit was ŉ klein bankstoel gewees.

HOF : Wie het op hom gesit? U en beskuldigde nr. 17 of was dit nog een wat oop was? -- Nee, drie van ons het op daardie bankstoel gesit. Ek self, beskuldigde nr. 17 en Reverend Jacob Mahlatsi.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 17 u inderdaad gehelp met die voorsitterskap van die vergadering? -- Nee, hy het nie gehelp nie.

Waarom nie? Was dit nie die versoek van Esau nie? -- Dit was ŉ versoek van Esau gewees dat hy my behulpsaam moet wees, maar weens die feit dat ons nie tyd gehad het om met mekaar hieroor te praat nie, dit wil sê ek en beskuldigde nr. 17 om dit te bespreek hoe ons dit gaan werk nie, het

ek/...

ek dit toe oorgeneem en gedink dat dit eintlik raadsaam sal wees vir my alleen om aan te gaan met die vergadering sonder sy hulp omdat ek eintlik presies geweet het wat gedoen moet word en wat om te verwag van die vergadering. Nogtans met die hoop dat indien daar enigiets kan opduik waar ek beskuldigde nr. 17 se hulp nodig het, sou ek hom gevra het om sulke hulp te verleen.

Het u dit bespreek met beskuldigde nr. 17? -- Nee, ek het dit nie met hom bespreek nie.

Het enigiemand notule gehou by die vergadering? -- Ja, beskuldigde nr. 10 is die persoon wat die notule gehou het.

Hoe het u dit geweet? -- Onmiddellik na die opening van die vergadering het ek hom, beskuldigde nr. 10, geroep, want hy was een van die sprekers wat eers daar ŉ toespraak moes gemaak het. Hy was eintlik die tweede spreker, dit wil sê onmiddellik na beskuldigde nr. 17.

Op watter stadium het u vir beskuldigde nr. 10 geroep? -- Dit is na beskuldigde nr. 17 se toespraak voltooi was deur hom dat ek vir beskuldigde nr. 10 geroep het.

Het u hom geroep om te kom praat of het u hom vorentoe geroep en met hom vertroulik gepraat? -- Ek het hom as ŉ spreker daar geroep.

En hoe het dit gekom dat hy die notule moes neem. Hoe is dit bespreek? -- Na hy sy toespraak voltooi het, het hy wat beskuldigde nr. 10 is my meegedeel dat hy notule gaan hou van die vergadering.

En voor hy dit vir u gesê het, het u nie geweet of enigiemand notule gaan hou van die vergadering nie? -- Wat ek wel van geweet het was dat ek ŉ persoon sal moet kry

om/...

om notule te hou van hierdie vergadering.

Op watter stadium het u dit besef? -- Toe die vergadering begin het, was ek alreeds daarvan bewus dat ek 'n persoon sal moet kry om notule te hou.

Waarom het u nie iemand gekry voor die vergadering begin het nie? -- Dit is omdat ek geweet het dat die lede van my aksiekomitee in Gebied 3 teenwoordig gaan wees by hierdie vergadering. Òf ek sal hulle in die vergadering kry òf hulle sal later opdaag, maar hulle gaan daar wees.

Maar dit antwoord nie die vraag nie. Die vraag is hoekom het u nie iemand gekry om notule te hou voor die vergadering begin het nie? -- Op daardie stadium het ek nie iemand gesien wat bevoeg was om gevra te word om notule te hou nie.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Behalwe beskuldigde nr. 10? -- Nie net hy nie, ook die ander lede van my komitee. Dit wil sê die aksiekomitee.

HOF : So, u het niemand van die aksiekomitee gesien nie? -- Dit wil sê voor die begin van die vergadering, ja, het ek nie eers een van hulle daar gesien nie.

MNR. HANEKOM : Waarom het u nie vir beskuldigde nr. 10 gevra reg aan die begin nie? -- Dit is omdat ek geweet het dat hierdie vergadering gaan ek eers met 'n gebed laat open.

HOF : Wat het dit met die ding te doen? -- Dit beteken dus wat ek in gedagte gehad het was die volgende. Ek het nog niemand gesien nie en as ek niemand kry om vir my die notule daar te hou nie, gaan ek self die notule hou, maar terselfdertyd het ek toe bewus geword van beskuldigde nr. 10 se teenwoordigheid wie ek dan toe in gedagte gehad het. Dat ek hom gaan versoek om die notule te hou.

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Dan vra ek u nou weer waarom het u nie vir beskuldigde nr. 10 nie dadelik gevra van die begin af om notule te hou nie? -- Dit is omdat ek op daardie stadium dit nie nodig geag het nie.

HOF : Word notules nie gehou deur aan te teken wie die openingsgebed doen en wie die volgende sprekers is soos hulle aan die beurt kom nie? -- Dit is hoe dit gedoen word, ja.

MNR. HANEKOM : Was op die lysie van sprekers aangedui wie die vergadering met ŉ gebed sou open? -- Nee, dit was nie geskryf nie.

Wanneer het u besluit om vir beskuldigde nr. 17 te vra om met gebed te open? -- Met ons aankoms binne-in die saal het ek so besluit.

Het u vir beskuldigde nr. 17 voor die tyd ingelig dat u vir hom gaan vra? -- Nee, ek het nie vir hom gesê nie.

Net een iets nog oor die notules. Het u beskuldigde nr. 10 alleen gevra om notule te hou? -- Ja, net hy alleen het ek gevra om die notule te hou.

HOF : Het u hom gevra of het hy dit op homself geneem? -- Toe hy sy toespraak klaar gegee het, het ek hom versoek om notule te hou. Na aanleiding waarvan hy ook self aan my gesê het dat hy maar van voorneme was om dit te doen.

MNR. HANEKOM : Het hy vir u gesê hy het reeds begin om dit te doen? -- Nee.

Het u toe gesien dat beskuldigde nr. 10 inderdaad die notule hou? -- Ja, ek het.

Waar het hy gesit toe hy die notule geneem het? -- Hy was op die verhoog gewees ŉ entjie van my af vanwaar ek gesit het. Hy was nogtans op die verhoog.

Het hy by ŉ tafel gesit? -- Nee, hy het nie by ŉ

tafel/...

tafel gesit nie.

Het hy ȁ stoel gehad om op te sit? -- Ja, hy het gevra om ȁ stoel. Hy het toe daar langs die ander mense gaan sit.

Was dit nog ȁ oop stoel of het iemand anders die stoel afgestaan? -- Iemand het die stoel vir hom afgestaan.

Iemand wat op die verhoog gesit het? -- Ja.

Wie was dit? -- Nee, ek weet nie wie die persoon was nie.

Waar het beskuldigde nr. 10 papier gekry om notule te hou? -- Daar was wel papier gewees. Ek weet nie wie dit daar aangebring het nie. Ek vermoed dat Esau dit miskien daar aangebring het. Ek is nie seker nie.

Waar was die papier wat u van praat? -- Hierdie papier waarna ek verwys, met ons aankoms daar in die saal toe ons by die tafel kom, het ek gevind dat daar ȁ blok papier is op die tafel.

ȁ Skryfblok? -- Ja, ȁ skryfblok.

Het beskuldigde nr. 10 alleen notule gehou van die vergadering? -- Bedoel u beskuldigde nr. 10?

Ja? -- Hy is die persoon wat die notule van hierdie vergadering gehou het.

Het hy alleen notule gehou of het daar ander mense ook notule gehou? -- Nee, ek weet net van hom. Hy is die enigste persoon wat ek versoek het om notule te hou.

As iemand sou sê dat beskuldigde nr. 5 ook gehelp notule hou het, wat sê u daarvan? -- Ek sal dit nie betwis nie.

<u>HOF</u> : U sal dit nie betwis nie? -- Nee, ek sal dit nie betwis nie.

Was beskuldigde nr. 5 op die verhoog? -- Beskuldigde nr. 5 was, toe ek vir die eerste keer bewus geword het van

sy/...

hoe om dit volledig te beskryf nie.

Dus hy was nie in die saal nie, hy was op die verhoog? -- Soos ek alreeds vroeër in my getuienis gesê het dat van die gehoor het op die verhoog gaan sit. Beskuldigde nr. 5 is een van die mense wat tussen die gehoor was wat op die verhoog gesit het toe ek hom geroep het.

MNR. HANEKOM : Het u gesien toe beskuldigde nr. 5 op die verhoog gaan sit het? -- Ek het hom nie daar gaan sien sit nie, maar toe ek hom geroep het, het hy te voorskyn gekom van tussen die klomp mense wat op die verhoog gesit het, dit wil sê van die gehoor.

Laat ons net duidelikheid kry, wanneer het jy vir beskuldigde nr. 5 die eerste keer geroep om te praat? -- Ek het hom vir die eerste keer geroep as 'n spreker na mev. Matsaneng, nee, na mnr. Masinya.

Was mnr. Masinya se naam op die lys van sprekers? -- Nee, hy het sy hand in die lug gesteek om aan te dui dat hy wil praat.

Ek sal maar na die name op die lys verwys as amptelike sprekers. Na watter amptelike spreker het u vir beskuldigde nr. 5 geroep? Watter van die mense op die lysie het gepraat voordat u hom geroep het? -- Dit is nadat mev. Rina Mokoena reeds 'n toespraak gemaak het. Matlole het alreeds ook 'n toespraak gemaak. Beskuldigde nr. 10, mev. Matsaneng wat ek ook gevra het om 'n toespraak te maak het alreeds gepraat. Wat dan amptelike sprekers was, is die drie wie se name ek genoem het net voor mev. Matsaneng.

Is dit toe u vir beskuldigde nr. 5 vir die eerste keer geroep het? Laat ons net duidelikheid kry daaroor? -- Nee, nee, ek het 'n fout gemaak. Ek het hom eers geroep voor ek

mev.Matsaneng/...

sy teenwoordigheid, ook op die verhoog gewees.

MNR. HANEKOM : Op watter stadium was dit wat u bewus geword het van hom? -- Dit was omtrent in die middel van die prosedure van daardie vergadering of ek kan dit beskryf as lank nadat die vergadering begin het, het ek daarvan bewus geword.

En het hy toe notule geneem of nie? -- Nee, dit sal ek nie kan sê nie. Ek weet nie. Hulle was ꞌn entjie ver van my af.

Het beskuldigde nr. 5 naby beskuldigde nr. 10 gesit op die verhoog? -- Ja, later het ek opgemerk dat hy by beskuldigde nr. 10 op die verhoog sit.

Kan u net duidelikheid gee, ek verstaan nou nie. Het hy op ꞌn stadium op ꞌn ander plek op die verhoog gesit en toe later langs beskuldigde nr. 10 gaan sit? -- My getuienis is toe ek hom geroep het as ꞌn spreker op die stadium wat hy ꞌn toespraak moes gelewer het, dit is beskuldigde nr. 5, het hy van ꞌn ander punt af gekom en na hy die toespraak gelewer het later, het ek bewus geword daarvan dat hy nou by beskuldigde nr. 10 sit.

Van watter punt af het beskuldigde nr. 5 gekom toe jy hom roep? -- Wat gebeur het, op ꞌn stadium het ek beskuldigde nr. 5 geroep as ꞌn spreker. Hy het nie daarop gereageer nie. Daar was geen antwoord daarop nie en later van tyd is ek deur beskuldigde nr. 10 meegedeel dat beskuldigde nr. 5 daar is as gevolg waarvan ek hom toe geroep het. Dit is toe op daardie stadium wat ek bewus geword het daarvan dat beskuldigde nr. 5 van ꞌn ver punt vanwaar beskuldgide nr. 10 was gekom het as ꞌn spreker.

HOF : Nou is die vraag waar was die punt? -- Dit was in die nabyheid van ꞌn hoek van hierdie verhoog. Ek weet nie

mev. Matsaneng geroep het, maar toe ek bewus geword het dat hy nie daarop reageer nie, het ek dus mev. Matsaneng geroep en beskuldgide nr. 10 het dit ook vir my vertel dat hy, beskuldigde nr. 5, nog nie teenwoordig is nie.

En toe u hom die tweede keer roep was dit na Masinya? -- Ja, dit was na Masinya.

Het mev. Mokoena haar toespraak gemaak voor beskuldigde nr. 5 gepraat het? -- Ja, dit is so.

Nadat beskuldigde nr. 5 gepraat het en hy naby beskuldigde nr. 10 op die verhoog gaan sit het, het u toe gesien of hy notule hou of nie? -- Nee, indien hy enige notule daar gehou het, was ek nie daarvan bewus dat hy besig was om notule te hou nie. Indien dit wel so is dat hy notule gehou het, dan dink ek dat dit miskien beskuldigde nr. 10 is wat hom gevra het om hom te help of dat hulle mekaar moet help met die hou van die notule.

Die vraag is net, het u self op enige stadium gesien dat beskuldigde nr. 5 besig was om notule te hou of nie? -- Nee, ek sal nie kan sê of hy notule gehou het nie, want hy het 'n rukkie daar gesit. Ek het hom nie gesien notule hou nie. Dus kan ek nie sê nie.

Toe beskuldigde nr. 5 nou naby beskuldigde nr. 10 gaan sit, was daar vir hom 'n oop plek of het iemand ook vir hom plek gemaak daar? -- Nee, dit weet ek nie. Toe ek sien het het hy alreeds gesit.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 13 FEBRUARIE 1987.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### PUBLISHER:

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### LEGAL NOTICES:

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### DOCUMENT DETAILS:

*Document ID:-* **AK2117-I2-3-174**
*Document Title:-* **Vol 174 p 8925-8980. Witness: Nkopane**